J. Chr. Coetzee

# Proewe

van 'n

# Pedagogiese Tipologie

deur


**Carel Krügel Oberholzer**

B.A (S.A.), M.A., M.Ed., D.Phil., D.Ed.(Pret.), Dr. Educ.(S.A.)

*Professor aan die Universiteit van Pretoria*


---

*Hierdie studie is voorberei onder die leiding van*

*Prof. Dr. J. C. Coetzee*

*van die P.U.K vir C.H.O. en via hierdie inrigting ingedien by die Universiteit van Suid-Afrika ter verkryging van die graad van*

**Doctor Educationis**

*op 16 Maart 1951.*

# VOORWOORD.

Hierdie studie moes jare gelede reeds voltooi gewees het. Verandering van werkkring en drukke beroepspligte het telkens ander eise gestel. Die opskrifstelling hiervan moes noodwendig onder hoë druk geskied.

Wat die prinsipiële deel hiervan betref: dit is die beskeie produk van jarelange besinning oor opvoedkundige probleemkwessies in die lig van hulle filosofiese onvermydelikhede. Daeliks raak ek meer daarvan oortuig dat ons intense behoefte het aan 'n uitgesproke prinsipiële opvoedkunde. Hiermee gee ek geensins te kenne dat empiriese navorsing nie nodig is nie. Die uitgevoerde ondersoek waaraan baie tegniese gebreke kleef, was meer bedoel om empiriese bevestiging te verkry vir wat ek altyd vermoed het omtrent die geïntegreerde opvoeders en opvoedsters van die jeug van my volk.

My diepe erkentelikheid moet ek teenoor die volgende betuig:

Aan u, hooggeleerde prof. Coetzee, hooggeërde en seergewaardeerde promotor, my opregte dank en waardering vir die volslae vryheid wat u my gelaat het in die samestelling van hierdie studie. Dwarsdeur my lewe sal dit een van die hoë onderskeidinge bly dat ek ook onder u kon studeer en promoveer.

Aan die P.U.K. vir C.H.O. waar ek in die vroeë jare van sy bestaan my eerste skoorvoetende intrede vir die aanvang van my universitêre loopbaan kon maak, my opregte dank vir wat hierdie inrigting vir my en my vrou beteken het en die invloed wat op my uitgeoefen is deur manne soos wyle Dr. Ferdinand Postma en die professore H.G. Stoker, J.C. van Rooy en my teenswoordige promotor. Mag die Potchefstroomse universiteit vir Christelike Hoër Onderwys steeds groei en bloei, maar daarby kerngesond bly.

Aan my vriend en kollega dr. A.M.T. Meyer van die departement wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria, my dank en waardering vir sy warme belangstelling in my filosofies-opvoedkundige denke en sy ongeëwenaarde hulp in die Merensky-biblioteek.

Aan God-Almagtig al die danksegging en eer. Naas Hom gaan my grootste dank en waardering aan my brawe vrou en kind vir hulle gedurige aanmoediging, belangstelling en grootse bereidwilligheid om op te offer en om vir die grootste gedeelte van elke dag sonder my te leef en te werk.

En les bes: met dankbare hartseer dink ek aan Boetie (16.1.29 - 3.1.43) die beste maat van my geslag wat ek ooit gehad het en seker sal hê. Indien iets van hierdie geskrif ooit die lig mag sien, sal dit aan sy nagedagtenis opgedra word.

# INHOUDSTAFEL.

## HOOFSTUK I.

DIE PROBLEEMSTELLING VIR DIE ONDERHAWIGE STUDIE TEEN SY BESONDERE WYSGERIGE AGTERGROND.

1. Die mens onder sy eie vraagteken. 1

2. Antwoorde op die vraag na die wese van die mens. 3

3. Die Archimedes-punt vir hierdie studie. 7

4. Die mens en sy verbondenhede. 13

5. Probleemkringe en die opvoedkunde. 18

6. Die doel van die onderhawige studie nader omskrywe. 24

## HOOFSTUK II.

DIE ONDERWYSBEROEP IN SY OPSET EN VEREISTES.

1. Empiriese toetsing en teoretiese konstruksie. 30

2. Die verskillende fasette van die onderwysberoep:

(a) wysgerig. 34
(b) psigologies. 39
(c) sosiologies. 43
(d) kultureel-ekonomies. 44
(e) staatkundig. 44
(f) prakties. 46

3. Beroep en professie 54

## HOOFSTUK III.

DIE WETENSKAP VAN DIE TIPOLOGIE EN DIE MOONTLIKHEID VAN AANWENDING OP DIE GEBIED VAN DIE PERSONALE.

1. Die opkoms van die tipologie as wetenskapsdissipline. 61

2. Omskrywing van die begrip tipe. 66

3. Samevatting en nadere presisering. 76

## HOOFSTUK IV.

DIE PERSOONLIKHEID EN SY KERN.

1. Inleiding en oriëntasie. 82

2. Bydraes uit die wysbegeerte. 85

3. Bydraes uit die religie en teologie. 89

4. Bydraes uit die psigologie. 91

5. Bydraes uit die psigopatologie en psigo-analise. 97

6. Bydraes uit die biologie. 99

7. Opsomming en omskrywing. 100

## HOOFSTUK V.

DIE RIGTINGGEWENDE TENDENSE.


1. Inleiding en kritiek. 105

2. Die dinamiese uit die persoonlikheid. 107

3. Die normatiewe uit die persoonlikheid. 109

4. Beskouinge oor die dinamiese en normatiewe. 111

5. Die rig- en meetsnoere en die opvoedkunde. 116


## HOOFSTUK VI.

DIE WILSHANDELING MET BESONDERE AANDAG AAN DIE TEMPERAMENT.


1. Inleiding. 124

2. Die wilshandeling en wat hiermee in verband staan. 126

3. Die temperament meer in besonderhede. 128

4. Ontleding van die wilshandeling. 142


## HOOFSTUK VII.

TIPOLOGIEË VAN LEWENSOPVATTING.


1. Die taak van 'n tipologie van lewensopvatting. 157

2. Die tipologie van wêreldbeskouinge van Dilthey. 162

3. Die geestestipes van Spranger. 168

4. Soorte van grondhouding by Kohnstamm. 178

5. 'n Eie tipologie van lewensopvattinge. 184


## HOOFSTUK VIII.

APRIORIES-SPEKULATIEWE BESKOUINGE OOR DIE OPVOEDERS-PERSOONLIKHEID.


1. Soorte van gedane werk. 190

2. Beskouinge oor die opvoeder-onderwyser histories toegelig.

   (a) enkele vroeëre beskouinge 192
   (b) selfstandige studies oor die opvoeders-persoonlikheid. 197

3. Enkele algemene gevolgtrekkinge. 215


Hoofstuk/

## HOOFSTUK IX.

DIE OPVOEDERSPERSOONLIKHEID IN DIE LIG VAN EMPIRIESE TOETSING.


1. Inleiding en oriëntasie. 217

2. Bevindinge op basis van leerling-ondervraginge. 219

3. Bevindinge op basis van leerkrag-ondervraginge. 227

4. Verdere navorsinge. 240

5. Enkele gevolgtrekkinge. 243


## HOOFSTUK X.

UITEENSETTING VAN 'N UITGEVOERDE ONDERSOEK.


1. Inleidende opmerkinge. 245

2. Eise en bevoegdhede by wetenskaplike ondersoek. 248

3. Prosedure wat gevolg is. 252

4. Saaklike ontleding van die verskillende vraeboë.

   (a) Aan inspekteurs van onderwys. 255
   (b) Aan onderwysers(esse). 256
   (c) Aan student-onderwysers. 260


## HOOFSTUK XI.

MATERIAALVERWERKING EN BEVINDINGE.


1. Gegewens van inspekteurs van onderwys. 263

2. Gegewens van onderwysers en onderwyseresse. 272

3. Gegewens van student-onderwysers. 305


## HOOFSTUK XII.

SAMEVATTING.


1. Opvoeder en tipe 315

2. Proewe van grondhoudinge en lewensopvatting. 319

Bylaes. 329

BIBLIOGRAFIE.